

**Verdere Onderwys en Opleiding**

**: Graad 12(FET)**

**BRINK IDEES**

**GEOGRAFIE**


**Hervloeiings**

**boek**



**basic education**

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA





# **GEOGRAFIE**

**Graad 12**

**HERSIENINGSAANTEKENINGE**



## INHOUD

## BLADSY


1. Voorwoord	3
2. Studie en EksamensWenke	4 - 94
3. Boodskap aan Graad 12 leerders vanaf die skrywers	95
4. Dankie	96

**ONDERWYSER MOET DIE ONDERSTAANDE INLIGTING MET DIE LEERDERS BESPREEK  
UITEENSETTING VAN VRAESTEL 1 EN 2 EN EKSAMEN WENKE (30 MINUTE)**

# GEOGRAFIE - VRAESTEL 1

	30% (30-punt vraag)	60% (45-punt vraag)	70% (53-punt vraag)
WERENKLIMMATA	<p><b>MIDDDELBREEDTE SIKLONE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Algemene kenmerke</li> <li>• Weerveranderinge tydens koue front</li> <li>• Identifiseer stadiums en redes</li> </ul> <p><b>TROPIESE SIKLONE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Algemene kenmerke</li> <li>• Identifiseer stadiums en redes</li> </ul> <p><b>SUBTROPIESE ANTISIKLONE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 3 hoogdrukselle(liggings)</li> <li>• Vorming: lyn donderstorms</li> <li>• Suid Afrikaanse bergwinde</li> </ul> <p><b>VALLEI KLIMAAT</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Aspek (watter hang is warmer)</li> <li>• Anabatiese/katabatiese winde</li> <li>• Inversie</li> </ul> <p><b>STEDELIKE KLIMAAT</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoekom is stede warmer?</li> <li>• Definisies: stedelike hitte eiland en besoedelingskoepels</li> </ul>	<p><b>VOEG DIE VOLGENDE BY MIDDELBREEDTE SIKLONE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Areas waar dit gevorm word</li> <li>• Weerstoestande wat met koue- en warmfronte geassosieer word</li> </ul> <p><b>TROPIESE SIKLONE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Areas waar dit gevorm word</li> <li>• Toestande vir die ontstaan</li> </ul> <p><b>SUBTROPIESE ANTISIKLONE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Invloed van hoogdrukselle</li> </ul> <p><b>VALLEI KLIMAAT</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ryphalte stralingsmis</li> <li>• Invloed op boerdery en nedersettings</li> </ul> <p><b>STEDELIKE KLIMAAT</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Strategieë om die besoedelingskoepel-effek te verminder</li> </ul>	<p><b>VOEG DIE VOLGENDE BY MIDDELBREEDTE SIKLONE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Toestande vir ontwikkeling</li> <li>• Weerstoestande wat met koue-, warm- en okklusie front geassosieer word</li> <li>• Dwarsdeursnit: koue-, warm- en okklusiefront</li> </ul> <p><b>TROPIESE SIKLONE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verwante weerpatrone</li> </ul> <p><b>SUBTROPIESE SIKLONE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kuslaagdruk</li> </ul>
GEMOERFLOGIE	<p><b>DREINEERBEKKENS</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Alle konsepte</li> <li>• Dreineringspatrone (alle)</li> <li>• Laminêre en turbulente vloeい</li> </ul> <p><b>FLUVIALE PROSESSE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Lengteprofiële (3 stadiums: jeug(bo), volwasse(middel) en ouderdom(benede)</li> <li>• Dwarsprofiële (3 stadiums)</li> <li>• Fluviale landvorms</li> <li>• Stroomroof (hoe; landvorms)</li> <li>• Verjonging (hoe; verskynsels)</li> </ul>	<p><b>VOEG DIE VOLGENDE BY DREINERING STELSELS</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Tipe riviere</li> <li>• Dreineringsdigtheid (hoog/laag)</li> <li>• Laminêre en turbulente vloeい</li> </ul> <p><b>FLUVIALE PROSESSE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Riviergradering</li> </ul> <p><b>OPVANGSGEBIED/ RIVIERBESTUUR</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Belangrikheid</li> </ul>	<p><b>VOEG DIE VOLGENDE BY FLUVIALE PROSESSES</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Riviergradering</li> <li>• Supergeponeerde en antesedente</li> </ul> <p><b>OPVANGSGEBIED/ RIVIERBESTUUR</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Belangrikheid en impak op die mens</li> </ul>
NEDERSETTINGS	<p><b>LANDELIKE NEDERSETTINGS</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Patroon: gekern/verspreid</li> <li>• Vorm van landelike nedersetting</li> </ul> <p><b>LANDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIES</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Oorsake en gevolge van landelike nedersettings</li> </ul> <p><b>STEDELIKE HIËRARGIE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Standplaas en ligging</li> <li>• Klassifikasie: sentrale plek, handel en vervoer, gespesialiseerde</li> </ul> <p><b>STEDELIKE STRUKTURE EN PATRONE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Grondgebruik: SSG, nywerhede, residensieël, vervalsone, kommersieël, landelike-stedelike oorgangsone, groengordel</li> <li>• Straatpatrone</li> <li>• Stedelike profiele</li> </ul> <p><b>STEDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIES</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verkeersopeenhopings</li> <li>• Informele nedersettings</li> </ul>	<p><b>VOEG DIE VOLGENDE BY LANDELIKE NEDERSETTINGS</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Standplaas en ligging</li> <li>• Landelike en stedelike nedersettings</li> </ul> <p><b>LANDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIES</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sosiale-maatskaplike geregtighede</li> </ul> <p><b>STEDELIKE HIËRARGIE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsepte</li> <li>• Lae en hoë orde funksies</li> </ul> <p><b>STEDELIKE STRUKTURE EN PATRONE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Modelle van stedelike strukture</li> </ul> <p><b>STEDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIES</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verkeer en ander kwessies</li> <li>• Informele nedersettings en kwessies</li> </ul>	<p><b>VOEG DIE VOLGENDE BY LANDELIKE NEDERSETTINGS</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Klassifikasie: funksie</li> </ul> <p><b>LANDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIES</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sosiale-maatskaplike geregtighede</li> </ul> <p><b>STEDELIKE NEDERSETTINGS</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Oorsprong van stedelike nedersettings</li> </ul> <p><b>STEDELIKE HIËRARGIE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Lae en hoë orde sentrums</li> </ul> <p><b>STEDELIKE STRUKTURE EN PATRONE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Veranderinge in stedelike patronne</li> </ul> <p><b>STEDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIES</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Alle kwessies</li> </ul>

<b>EKONOMIES</b> <b>EKONOMIESE SEKTOR</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Primêre, sekondêre, tersiêre</li> </ul> <b>LANDBOU</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bestaans- en kommersiële boere</li> <li>• Gunstige/ongunstige faktore</li> </ul> <b>MYNBOU</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gunstige/ongunstige faktore</li> </ul> <b>SEKONDÊRE SEKTOR</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Faktore: nywerheidsontwikkeling</li> <li>• Nywerheid sones</li> </ul> <b>INFORMELE SEKTOR</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsep</li> <li>• Uitdagings</li> </ul>	<u><b>VOEG DIE VOLGENDE BY</b></u> <b>EKONOMIESE SEKTOR</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kwaternêre</li> <li>• Bydrae tot SA ekonomie</li> </ul> <b>LANDBOU</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bydrae tot SA ekonomie</li> <li>• Voedselsekuriteit</li> </ul> <b>MYNBOU</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bydrae tot SA ekonomie</li> </ul> <b>STRATEGIEË VIR INDUSTRIËLE ONTWIKKELING</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• NOS'e en ROI's</li> </ul>	<u><b>VOEG DIE VOLGENDE BY</b></u> <b>LANDBOU</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Produkte</li> </ul> <b>MYNBOU</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Produkte</li> </ul> <b>SEKONDÊRE SEKTOR</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Tipe industrieë</li> <li>• <b>STRATEGIEË VIR</b></li> </ul> <b>INDUSTRIËLE ONTWIKKELING</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• NOS'e en ROI's</li> <li>• Nywerheidsentralisasie en nywerheidsdesentralisasie</li> </ul>
--	---	---



## EKSAMEN WENKE

### VRAESTEL 1

- Die vraestel bestaan uit **vier** vrae van 75 punte elk. **DOEN SLEGS DRIE VAN DIE VIER VRAE.**
- Lees noukeurig deur die vrae en kies **drie**.

### TIPES VRAE

Elke vraag in Vraestel 1 bestaan uit die volgende:

- Kort vrae 15 punte
- Datahanterings vrae 44 punte
- Paragraafvrae 16 punte

**TOTAAL 75 punte**

#### 1 Meervoudigekeuse-vrae/kort vrae

- Verstaan wat elke meervoudigekeuse vraag vra.
- Evalueer elke antwoord op die meervoudige keusevraag.
- Elimineer elke verkeerde opsie.
- Beantwoord elke meervoudige keusevraag,

#### 2 Datahanteringsvrae

- Met datahanteringsvrae, word van jou verwag om diagramme, foto's, kaarte, tabelle, statistieke, spotprente, ens te interpreteer.
- Datahanteringsvrae vereis kennis, toepassing, analisering en evaluering.
- Punte vir datahanteringsvrae wissel tussen 2-8 punte.

#### 3 Paragraafvrae

- **LEES** die vrae **NOUKEURIG DEUR**.
- **ONDERSTREEP** sleutelwoorde.
- Identifiseer **HOEVEEL DELE** in die vraag is.
- **PUNTETOEKENNING**: Skryf ten minste EEN antwoord by elke deel.
- Kyk na die inligting in die diagramme/kaarte/artikels/foto's wat jy in die paragraaf kan gebruik.
- Beantwoord die vraag in paragraafvorm – nie puntsgewys nie.

## VRAESTEL 2

Die vraestel lyk soos volg:

• Vraag 1	Meervoudige keusevrae	15 punte
• Vraag 2	Kaartwerkvaardighede en berekenings	20 punte
• Vraag 3	Interpretasie en toepassing	25 punte
• Vraag 4	GIS	15 punte
<b>TOTAAL</b>		<b>75 punte</b>

### 1 Meervoudige keusevrae

- Verstaan wat elke meervoudige keusevraag vra.
- Evalueer elke antwoord op die meervoudige keusevraag.
- Elimineer elke verkeerde opsie.
- Beantwoord elke meervoudige keusevraag.


### 2 Kaartwerkvaardighede en berekenings

Jy moet instaat wees om die volgende berekening te kan doen. Maak seker dat jy die alle stappe volg en wys, aangesien punte daarvolgens toegeken word.

- Afstand
- Oppervlakte: Dit vereis kennis oor die berekening van afstand.
- Gradiënt: moet dit van km na m kan omskakel.
- Vertikale vergroting/oordrywing
- Magnetiese deklinasie
- Magnetiese peiling

Die volgende kaartwerkvaardighede is belangrik:

- Rigting en peiling
- Hoe hoogte op topografiese- en ortofotokaarte aangedui word.
- Indeksverwysing (3318 DB PAARL)
- Koördinate ( $33^{\circ}21'30''$  S  $18^{\circ}26'$  O)
- Teken van deursnitte
- Intersigbaarheid
- Rigting waarin 'n rivier vloei



**Onthou om die volgende instrumente saam te bring: liniaal, gradeboog, nie-geprogrammeerde sakrekenaar, uitvleer en potlood.**

### 3 Interpretasie en toepassing

Interpretasie van kaarte maak staat op die gebruik van jou teoretiese kennis. Bestudeer die kaart deeglik, veral die ruitverwysings waarna verwys word in die vrae (bv. G5) vir leidrade wat help om die vrae te beantwoord. Oorweeg die volgende as jy die vrae beantwoord. Dit sal jou help om na spesifieke bewyse op die kaart te kyk vir moontlike antwoorde :

- Reliëf (bruin)
- Dreinering (blou)
- Infrastruktuur (swart en rooi)
- Nedersettings (grys and swart)
- Ekonomiese aktiwiteite (groen en swart)

Wees bewus dat kaartinterpretasie ook teorie dek, soos byvoorbeeld:

- Klimaat (bv. watter hang op die kaart is warmer)
- Geomorfologie (bv. in watter stadium is die rivier op die kaart)
- Nedersettings Geografie (bv. kenmerke, voordele en nadele van straatpatrone op topografiese- en ortofotokaarte).
- Ekonomiese Geografie (bv. faktore wat die ligging van nywerhede op kaarte beïnvloed).

### 4 GIS

Bestudeer die kaart deeglik, ingesluit die indeksverwysingsnommer, om die vrae in die afdeling te beantwoord. Maak seker dat jy goeie kennis van die volgende het:

- Wat is GIS?
- Komponente van GIS.
- Alle konsepte.
- Ontwikkel GIS op papier .
- Hoe om GIS in 'n spesifieke situasie op 'n kaart te gebruik, bv. die ligging van winkels, misdaad, rampbestuur, ens.

# GEOGRAFIE VRAESTEL 1 – TEORIE

## SESSIE 1: KLIMAAT EN WEER


### WAT JY MOET WEET

MIDDELBREEDTE SIKLONE (MBS) (buite tropiese, ekstra tropiese, frontale depressie)

#### Algemene kenmerke

*Benoem die algemene kenmerke van Middelbreedte ontwikkelingssiklone*

- koue front (lug agter front is koud)
- warm front (lug agter front is warm)
- sirkelvormige isobare
- warm sektor
- koue sektor
- kloksgewyse beweging van lug
- laedruk in sentrum/laedrukstelsel
- waarde van isobare





verminder na die sentrum

- beweeg van wes na oos

*Jy moet die kenmerke op sinoptiese weerkaarte en diagramme kan identifiseer.*

#### Onderskei tussen 'n warm en 'n koue front



Warm lug word deur koue lug op geforseer.

Koue lug sak onder warm lug in

## Weerveranderinge



Watter weersveranderinge vind plaas wanneer 'n koue front oor 'n gebied beweeg?


Jy moet die inhoud ook op 'n weerkaart kan toepas.

- Skielike afname in temperatuur; lugdruk neem toe; windrigting verander van noordwes na suidwes; windspoed is baie sterk tot storm; digte wolkbedekking; cumulonimbus en cumulus wolke;
- reënval; hewige buie;
- humiditeit begin afneem.


### Stadiums van Ontwikkeling

Identifiseer die stadiums van die MBS op 'n weerkaart. Gee 'n rede vir jou antwoord.


#### 1. Aanvang stadium




#### 2. Ontwikkeling stadium



#### 3. Volwasse stadium




#### 4. Okklusie stadium



#### AKTIWITEIT 1.1

FIGUUR 1.1: MIDDELBREEDE SIKLOON




[Aangepas uit *Geografie van Afrika* van WJ Minns]

- 1.1.1 Watter bewyse in daar in FIGUUR 1.1 dat Kaapstad wintertoestande ervaar? (1 x 1) (1)
- 1.1.2 Watter front X of Y het die grootste impak op Kaapstad se weerstoestande? (1 x 1) (1)
- 1.1.3 Die weervoorspelling voorspel uiterse weerstoestande vir Kaapstad. Noem TWEE van hierdie verwagte weerstoestande. (2 x 2)(4)



### AKTIWITEIT 1.2

**FIGUUR 1.2: STADIUMS IN DIE ONTWIKKELING VAN 'N MIDDELBREEDTE SIKLOON**



[Bron: Eksaminator se eie skets]

- 1.2.1 Watter breedtelyn -  $20^{\circ}\text{S}$ ,  $60^{\circ}\text{S}$  of  $80^{\circ}\text{S}$  – word deur A verteenwoordig?
- 1.2.2 Is 'n middelbreedte sikloon 'n hoogdruk- of laagdruk stelsel?
- 1.2.3 Bespreek die sirkulasie van lug, soos deur FIGUUR 1.2 hierbo in stadium 2 gewys word.
- 1.2.4 Benoem die sone wat skeiding bring tussen die weste- en oostewind.
- 1.2.5 In watter stadium van ontwikkeling vorm 'n front?

- 1.2.6 Definieer die term koue front, soos gesien in stadium 3.
- 1.2.7 Watter stadium (1, 2, 3 or 4) wys dat die middelbreedte sikloon in 'n okklusie stadium is?
- 1.2.8 Gee EEN bewys uit FIGUUR 1.2 dat die middelbreedte sikloon in die Suidelike Halfrond voorkom.


(8 x 1) (8)



### AKTIWITEIT 1.3

**FIGUUR 1.3**

### STADIUMS VAN 'N MIDDELBREEDTE SIKLOON



[http://2.bp.blogspot.com/\\_LJZ5ArmANJQ/TTKJznLzb8I/AAAAAAAABfk/01Qxc62I6mQ/s1600/shem1](http://2.bp.blogspot.com/_LJZ5ArmANJQ/TTKJznLzb8I/AAAAAAAABfk/01Qxc62I6mQ/s1600/shem1)

- 1.3.1 Gee 'n ander naam vir die weerstelsel in FIGUUR 1.3. (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Gee TWEE redes vir die lae temperature by **D**. (2 x 1) (2)
- 1.3.3 Teken 'n dwarsprofiel van front **A**, vanaf **E** na **F**. Dui die hoof wolktype en lugbeweging aan. (4 x 1) (4)
- 1.3.4 Tussen watter breedtegrade - in grade – ontwikkel middelbreedte sikkone? (1 x 2) (2)
- 1.3.5 Gee 'n bewys uit FIGUUR 1.3 om te wys dat die middelbreedte sikloon in sy volwasse (warm sektor) stadium van ontwikkeling is. (1 x 2) (2)

### TROPIESE SIKLOON (TS)



### WAT JY MOET WEET

#### Algemene kenmerk






Jy moet AL die algemene kenmerke van Tropiese siklone ken en op sinoptiese weerkaarte diagramme kan identifiseer.

intense laagdruk; benoem in alfabetiese volgorde; beweging: van OOS na WES; WEG van die ewenaar; draai OOS by  $30^\circ$ ; veroorsaak verwoesting as gevolg van orkaan sterkte winde; gedurende laat somer en herfs; stormstuwing en hewige reënval.

### Stadiums van ontwikkeling

**Identifiseer die stadium van tropiese siklone. Gee redes vir jou antwoord.**



### Impak van tropiese siklone

Omgewing	Ekonomiese	Sosiaal
<ul style="list-style-type: none"><li>skade aan infrastruktuur, skade aan plantegroei, oeste en lewendehawe</li><li>oewerwalle en keerwalle breek</li></ul>	<ul style="list-style-type: none"><li>koste vir die regmaak en konstruksie</li><li>verhoog werkloosheid</li><li>pryse verhoog</li></ul>	<ul style="list-style-type: none"><li>mense beseer of gedood, haweloos</li><li>gebrek aan sanitasie en skoon drinkwater veroorsaak en versprei siektes</li></ul>

### Bestuur van tropiese siklone


**Verduidelik in 'n paragraaf hoe tropiese siklone bestuur kan word.**

- goeie weervoorschellings; hou die publiek ingelig deur die storm dop te hou;
- vroeë waarskuwings; mediese en reddingsdienste op gereedheid; bou huise met sterk materiaal; ontruimingsroetes en prosedures;
- vermy kruisings van sterk vloeiende riviere.



### AKTIWITEIT 2

FIGUUR 2.1: SATELIET FOTO VAN 'N TROPIESE STORM



Aangepas uit <http://www.weatherphotos.co.za>


- 2.1.1 Identifiseer die tipe weerstelsel wat deur FIGUUR 2.1 voorgestel word.
- 2.1.2 Is die weerstelsel 'n hoogdruk- of laagdruk stelsel?
- 2.1.3 In watter seisoen kom die weerstelsel voor?
- 2.1.4 Benoem die betrokke winde wat die sikloon aandryf.
- 2.1.5 Benoem die globale lugsirkulasiesel waarin die stelsel voorkom.
- 2.1.6 Watter eiland - Reunion or Mauritius – sal die ergste weerstoestande ervaar?
- 2.1.7 Wat beteken die naam Edilson ten opsigte van die aantal tropiese sikkone in die seisoen?
- 2.1.8 Benoem die wolktipe wat rondom die oog in die tropiese sikloon aangetref word. (8 x 1)



AKTIWITEIT 2.2

FIGUUR 2.2

DIE ROEDE VAN 'N TIFOON




[Bron: [http://i.dailymail.co.uk/i/pix/2013/09/24/article-0-181DB13C00000578-229\\_634x341.jpg](http://i.dailymail.co.uk/i/pix/2013/09/24/article-0-181DB13C00000578-229_634x341.jpg)]

- 2.2.1 (a) In watter area/gebied in die wêreld het Tifoon Usagi voorgekom? (1 x 1)
- (b) Verskaf EEN sigbare eienskap uit FIGUUR 2.2 wat bewys dat Tifoon Usagi in sy volwasse stadium is. (1 x 1)
- 2.2.2 (a) Gee 'n rede vir die rigting waarin die tifoon beweeg. (1 x 1)
- (b) Hoeveel tifone het in die gebied in die seisoen voor Tifoon Usagi voorgekom? (1 x 2)
- 2.2.3 Verklaar EEN rede waarom Tifoon Usagi in 'n super tifoon ontwikkel het? (1 x 2)



### AKTIWITEIT 2.3

#### DIE ROETE VAN 'N TROPIESE SIKLOON



[Aangepas uit: *Master Geography*]



- 2.3.1 In watter algemene rigting beweeg tropiese siklone? (1 x 1)
- 2.3.2 Corioliskrag is omtrent nul tussen  $0^{\circ}$  and  $5^{\circ}$  suid en noord van die ewenaar.
- 2.3.3 Hoe sal dit 'n invloed op die beginpunt van 'n tropiese sikloon hê? (1 x 2)
- 2.3.4 Gee die tydperk - in dae – van die tropiese sikloon in FIGUUR 2.3. (1 x 2)
- 2.3.5 Gebruik die gegewe skaal en bepaal die afstand wat die tropiese sikloon afgelê het tussen 20 Januarie en 31 Januarie. (1 x 2)
- 2.3.6 Hoekom volg tropiese siklone wisselvallige roetes? (2 x 2)

## SESSIE 2:




### SUBTROPIESE ANTISIKLOON (HOOGDDRUKSTELSELS)



#### WAT JY MOET WEET


*Verskaf die name en ligging van die drie hoogdrukke.*





### AKTIWITEIT 3.1

FIGUUR 3.1: ANTISIKLONE OOR SUID AFRIKA



(PROBEER OM DIE VRAE TE BEANTWOORD VOORDAT JY FIGUUR 3.1 BESTUDEER)

- 3.1.1 Die dalende lug veroorsaak semi-ariede toestande aan die Wes Kus van Suid Afrika.
- 3.1.2 In die somer, word hierdie drukstelsel op 'n hoër hoogte gevind as gevolg van oppervlakverhitting .
- 3.1.3 Die dalende lug veroorsaak 'n inversie laag in die winter wat verhoed dat vogtige lug die binneland bereik.
- 3.1.4 Die rant van hierdie drukstelsel veroorsaak reënval in die Suidwes Kaap.
- 3.1.5 Interaksie met die kuslaagdruk veroorsaak bergwinde.
- 3.1.6 Soms staan die drukstelsel bekend as 'n blokkerende hoog, wanneer dit in die pad van 'n middelbreedte sikloon kom.
- 3.1.7 Die drukstelsel word oor die algemeen geassosieer met die teenwoordigheid van mis en swak sigbaarheid.


(7 x 1)



## AKTIWITEIT 3.2

FIGUUR 3.2

### ANTISIKLONE OOR SUID AFRIKA




[Bron: Eksaminator se eie skets]

- 3.2.1 Benoem die antisiklone: A, B en C. (3 x 1)
- 3.2.2 Antisiklone word geassosieer met stabiele weerstoestande oor die binneland van Suid Afrika, veral in die winter. Teken 'n skets met byskrifte om die invloed wat die antisikloon op die binneland se weerstoestande het, te verduidelik. (4 x 1)

Hoe lyndonderstorms gevorm word.



#### WAT JY MOET WEET






### AKTIWITEIT 3.3

FIGUUR 3:3


Bewegende atmosferiese versteuring (LYNDONDERSTORMS)



[Aangepas uit Geografie, die Antwoord Reeks]

- 3.3.1 Tydens watter seisoen kom lyndonderstorms voor? (1 x 1)
- 3.3.2 Benoem die TWEE hoogdrukstelsels wat verantwoordelik is vir die vorming van lyndonderstorms. (2 x 1)
- 3.3.3 Noem TWEE weerstoestande wat met lyndonderstorms geassosieer kan word. (2 x 1)
- 3.3.4 Verskaf 'n rede vir die skuif van die Kalahari Hoogdrukstelsel gedurende 'n lyndonderstorm. (1 x 2)

#### Suid Afrika Bergwind



- Seisoen - Winter
- Hoe bergwinde ontwikkel: -hoogdruk oor binneland;
  - laagdruk by die see;
  - wind waai vanaf die binneland (HD) na die see (LD);
  - winde verwarm soos dit teen die plato afbeweeg;

-bereik die kus as 'n warm droë wind.




- *Hoekom warm en droog?:* Waai van die land na die see
- *Gevaar:* veldbrande
- *Hoe stop die bergwinde toestand?:* Wanneer 'n koue front oor beweeg.



#### AKTIWITEIT 3.4

FIGUUR 3.4: BERGWINDTOESTANDE




[Aangepas uit [millarslocal.co.za](http://millarslocal.co.za)]

- 3.4.1 Bergwindtoestande kom in die (somer/winter) voor.
- 3.4.2 Drukstelsel **A** is die (Kalahari/Suid Atlantiese) hoogdrukstelsel.
- 3.4.3 Drukstelsel **B** is die (termiese/kus) laagdrukstelsel.
- 3.4.4 Die algemene beweegrigting van 'n frontale depressie is (ooswaarts/weswaarts).
- 3.4.5 Durban sal (aanlandige/aflandige) winde ervaar.
- 3.4.6 Die wolkbedekking by Durban sal (betrokke/mooiweer) wees as gevolg van die winde in VRAAG 3.4.5.
- 3.4.7 (Aanlandige/aflandige) winde word geassosieer met mis en ligte reën.
- 3.4.8 Die risiko van veldbrande gedurende bergwindtoestande (verhoog/verlaag) in die oostelike dele van Suid Afrika.



### AKTIWITEIT 3.5

FIGUUR 3.5 BERGWINDTOESTANDE



[Aangepas uit [www.wikipedia.org](http://www.wikipedia.org)]

- 3.5.1 Noem TWEE toestande sigbaar op FIGUUR 3.5 wat nodig is vir bergwinde om te vorm. (2 x 1)
- 3.5.2 Teken 'n dwarsdeursnit met byskrifte om die vorming van bergwinde langs die ooskus van Suid Afrika te verduidelik. (4 x 1)
- 1.1.3 Hoekom kom bergwinde meer in die winter voor? (1 x 2)


### VALLEIKLIMATE



WATJY MOET WEET




Watter helling is warmer? Waarom? (NH EN SH)



FIGUUR 4.1:

### VALLEIKLIMATE



- 4.1.1 Is die invloed op die hellingsaspek groter in die somer of in die winter in die vallei?
- 4.1.2 Sal helling X of helling Y direkte sonstrale ontvang?
- 4.1.3 Sal helling X of helling Y die hoogste grondwate inhoud hê?
- 4.1.4 Sal helling X of helling Y meer gepas wees vir gewasboerdery?
- 4.1.5 Watter helling, X of Y – word die skaduhelling genoem?
- 4.1.6 Sal nedersettings eerder by A of B geleë wees?

4.1.7 Sal vallei hellings nader aan die ewenaar meer of minder beïnvloed word deur die aspek?



4.1.8 Is bosbou meer geneig om by helling X of helling Y gevind te word? (8 x 1)

*Verduidelik hoe anabatiese- en katabatiesewinde gevorm word.*



*Bespreek die invloed daarvan op nedersettings en boerdery.*




### INVERSIES



*Hoe word inversies gevorm? Wat is die invloed van invesies op besoedeling?*


- Inversies vorm wanneer die normale patroon van temperatuur omgekeer word.
- Lug nader aan die grond is kouer as die lug aan die bokant
- Gebeur op kalm wolklose winternagte
- Boonste hellings koel vinnig af
- Koue lug daal langs die helling af tot in die vallei.
- Die koue lug is vasgevang onder die warm lug,
- Temperatuur verhoog met toename in hoogte in die vallei
- Besoedelde lug is vasgevang en kan nie styg nie.





## AKTIWITEIT 4.2

FIGUUR 4.2 VALLEI KLIMATE



[Bron: <http://www.educom/climates/>]


- 4.2.1 Identifiseer die wind by A. (1 x 1)
- 4.2.2 Verduidelik hoekom die wind in die nag voorkom. (2 x 2)
- 4.2.3 Gee EEN rede hoekom die laag warm lug by B halfpad teen die helling gevind word. (1 x 2)

## STEDELIKE KLIMATE



### WAT JY MOET WEET

*Hoekom is stedelike gebiede warmer as landelike gebiede?*



Boumateriaal: cement, teer en bakstene absorbeer hitte

- Hoë geboue keer hitte vas.
- Lugbesoedeling help om hitte vas te vang.
- Verbranding van brandstof.
- Vervoer.
- Industrieë stel hitte vry
- Sentraleverhitting van winkels.

konsentrasies mense.

-*Stedelike hitte-eiland en besoedelingskoepele*.




-Maniere om die invloed van die hitte-eiland te verminder.

- Energiebesparings strategieë;
- groengordels;
- daktuine;
- openbare vervoer;
- gebruik van ligte gekleurde verf/materiaal.



AKTIWITEIT 5.1

FIGUUR 5.1: STADSKLIMATE




[Bron: Eksaminator se eie skets]

- 5.1.1 Figuur 5.1 wys die inversielaag gedurende (dag/nag).
- 5.1.2 Die inversielaag is (hoër/laer) gedurende die nag.
- 5.1.3 Die inversielaag (verhoog/verlaag) die konsentrasie van besoedeling oor die stad gedurende die nag.
- 5.1.4 Die verhitting van die stad by B is as gevolg van (weerkaatsing van hitte/aardstralning).
- 5.1.5 Die kanalisering van wind tussen die geboue (verhoog/verlaag) die spoed van wind.
- 5.1.6 Temperatuur (verhoog/verlaag) van B na C.
- 5.1.7 Die invloed van evapotranspirasie op die afkoel van lug sal (minder/meer) by B as by C wees.
- 5.1.8 Area B word geassosieer met (meer/minder) wolkbedekking as by area C. (8 x 1)



## AKTIWITEIT 5.2

### DIE OMVANG VAN STEDELIKE HITTE-EILAND



[Aangepas uit <http://www.asdu.edu.za>]

- 5.2.1 Gee 'n moontlike rede vir die assimetriese (ongebalanseerde) vorm van die besoedelingskoepel van die stedelike hitte-eiland. (1 x 1)
- 5.2.2 Gee TWEE bewyse uit FIGUUR 5.2 dat die toestande gedurende die dag voorkom. (2 x 1)
- 5.2.3 Teken 'n skets met byskrifte om te wys hoe die vorm van die stedelike hitte-eiland gedurende die nag lyk. (2 x 1)

# GEOMORFOLOGIE

## SESSIE 3

### DREINERINGSSTELSELS




#### WAT JY MOET WEET

Definieer alle konsepte.

#### AKTIWITEIT 6.1

FIGUUR 6.1

DREINERINGSBEKKEN



[Bron: Eksaminator se eie skets]


- 6.1.1 Definieer die term dreineringsbekken. (1 x 1)
- 6.1.2 Sal dreineringsbekken A (noord van die waterskeiding) of dreineringsbekken B (suid van die waterskeiding) 'n hoër dreineringsdigtheid hê? (1 x 1)
- 6.1.3 Verskaf EEN faktor wat kon bydra tot die hoë dreineringsdigtheid van die dreineringsbekken in VRAAG 6.1.2. (1 x 2)



#### AKTIWITEIT 6.2

FIGUUR 6.2


DREINERINGSBEKKEN EN PROFIELE



◊[Aangepas uit Ohio Stream Management Guide 3]

- 6.2.1 Noem EEN manier waarvandaan dreineringsbekken A water kan ontvang.
  - 6.2.2 Gee 'n term om B te beskryf.
  - 6.2.3 Wat is die stroomorde by punt C?
  - 6.2.4 Watter fluviale kenmerk sal heel moontlik by punt D in die rivier vorm?
  - 6.2.5 Benoem die proses wat aanleiding gegee het tot die verhoging van die alluvium by punt E.
  - 6.2.6 Gee die term wat die beweging van water by F beskryf.
  - 6.2.7 Gee die term wat die hoogliggende gedeelte rondom dreineringsbekken A beskryf.
  - 6.2.8 Gee die term wat die laagste punt waartoe die rivier kan erodeer beskryf.
- (8 x 1)

### AKTIWITEIT 6.3



**FIGURE 6.3**

**DREINERINGSBEKKEN**

[Aangepas uit [http://www.earthonlinemedia.com/ebooks/tpe\\_3e/fluvial\\_systems/drainage\\_basin.ipa](http://www.earthonlinemedia.com/ebooks/tpe_3e/fluvial_systems/drainage_basin.ipa)]

- 6.3.1 A is 'n ..., 'n bergagtige gebied wat die een ovpangsgebied van 'n ander ovpangsgebied skei.
- 6.3.2 B is 'n ..., wat 'n hoogliggende area is binne 'n ovpangsgbied , wat sytakke skei.
- 6.3.3 C is die ..., wat die oorsprong van die rivierstelsel in bergagtige , hoogliggende gebiede wys.

6.3.4 D is die ... waar twee of meer strome bymekaar kom.





6.3.5 E is 'n ..., wat water aan die hoofstroom verskaf.

6.3.6 F is die ... stadium van die rivier.


6.3.7 G is die ... waar die rivier in die see vloei.

(7 x 1)

**Identifiseer en beskryf ALLE dreineringspatrone.**

Patroon	Dendrities	Tralie	Radial/Straal	Reghoekig
Diagram				
Beskrywing	Lyk soos takke van 'n boom. Takke sluit met skerp hoekie aan.	Sterk hoofstroom met kort sytakke en sluit reguit hoekig aan	Lyk soos speke van 'n wiel soos van bo gesien	Sytakke sluit reghoekig aan Het 90° kronkels
Onderliggende strukture	Univorm/ eenvormige gesteentes wat min of meer ewe hard is.	Geleidelike helling, afwisselende harde en sagte gesteentes	Riviere vloei weg vanaf 'n sentrale punt soos 'n tafelkop of tafelberg	Gebiede met harde genate gesteentes wat goedbymekaar aansluit

**Onderskei tussen laminere en turbulente vloei**



## SESSIE 4

### FLUVIALE PROSESSE



#### WAT JY MOET WEET

**Stadiums (loop) van 'n rivier**

**Sleutelvrae**


Stadiums van 'n rivier en kenmerke van die bo, middel en ou/benede loop.






*Identifiseer/teken dwarsprofiële (dwarsnitte) van al 3 stadiumse.*

**Lengteprofiel:** Die sy-aansig van 'n rivier vanaf sy oorsprong tot sy monding

**Dwarsprofiel:** Die vorm van die riviervallei van een oewer na die ander oewer

STADIUM	BOLOOP (JONG)	MIDDEL LOOP (VOLWASSE)	BENEDELOOP (OU)
DWARS PROFIEL			
GRADIENT	Steil	Geleidelik	Gelyk
SPOED	Vloei vinnig	Vloei stadiger	Vloei baie stadig
PROSESSE	Afwaartse erosie	Sywaartse erosie	Deposisie
LANDVORME	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Watervalle</li> <li>- Stroomversn.</li> <li>- Uitloopers</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Meanders</li> <li>- Uitloopers</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Sandbanke</li> <li>- Moerasse</li> <li>- Gevlegde stroom</li> <li>- Meanders</li> <li>- Hoefystermere</li> </ul>


## NATUURLIKE LEVEES




## ONTSTAAN AN HOEFYSTERMERE



## GEVLEGDE STROOM



## WATERVALLE



## Identifiseer/beskryf alle fluviale landvorms

### Stroomroof




### WAT JY MOET WEET

#### Sleutel vrae:

- Hoe vind stroomroof plaas?
- Noem die kenmerke van landvorms wat met stroomroof gepaard gaan. (NB moet in staat wees om diagramme te identifiseer of teken en byskrifte by te voeg.)



Stroomroof vind plaas wanneer die meer energieke stroom (roofstroom) terugkerf en die water van die ander rivier (geroofde stroom) onderskep.



KENMERKE	VERDUIDELIKING
Roofrivier	Die energieke stroom wat water van 'n ander rivier/stroom onderskep (neem)
Geroofde stroom	Die rivier waarvan water deur die rownerstroom onderskep (geroof) is.
Verarmde stroom	Die rivier wat sy water verloor het. {Staan ook bekend as die verarmdestroom}.
Roofelmboog	Die plek waar stroomroof plaasgevind het.
Windsaal	Die droë riviervallei tussen die roofelmboog en die verarmde rivier.
Waterval	Mag vorm by die punt waar die verarmderivier in die roofstroomvloeи.


### Verjonding

- Verjonding en kenmerke.

**VERJONGING:**  
Rivier toon kenmerke van 'n jonger stadium

**KENMERKE/LANDVORME**

- Knakpunt (watterval)
- Terrasse
- Ingekerfde kronkels



### AKTIWITEIT 7.1

FIGUUR 7.1: GEDEELTE VAN 'N RIVIER



[Aangepas uit [easymapwork.blogspot.com](http://easymapwork.blogspot.com)]

- 7.1.1 Watter deel van die rivierloop word in FIGUUR 7.1. voorgestel?
- 7.1.2 Benoem die rivieroewer by B.
- 7.1.3 Gee 'n rede vir die afsetting by rivieroewer A.
- 7.1.4 Verduidelik die vorm van rivieroewer B.
- 7.1.5 Noem EEN kenmerk van die rivierkanaal soos gesien in die deursnit tussen A en B.
- 7.1.6 Het erosie of afsetting die hoefystermeer (C) gevorm?
- 7.1.7 Noem EEN verskil tussen 'n hoefystermeer en 'n kronkel/meander groef.


7.1.8 Wat word die smal area tussen die meander kromkel by D genoem?

(8 x 1)



### AKTIWITEIT 7.2

FIGUUR 7.2: RIVIERPROFIEL



[Eksaminator se eie skets]

7.2.1 Identifiseer die tipe rivierprofiel in FIGUUR 7.2.

7.2.2 Stel die rivierprofiel 'n GEGRADEERDE profiel of 'n ONGEGRADEERDE profiel voor?

7.2.3 In watter deel van die rivierloop ontwikkel 'n waterval?

7.2.4 Sal verjonding stroomop of stroomaf vanaf die knakpunt plaasvind?

7.2.5 Benoem die permanent basisvlak van erosie sigbaar in FIGUUR 7.2.

7.2.6 Benoem die tydelike basisvlak van erosie sigbaar in FIGUUR 7.2.


7.2.7 Sal die waterval STROOM OP of STROOM AF beweeg? (7 x 1)



### AKTIWITEIT 7.3

FIGUUR 7.3

SUPERGEPONEERDE EN ANTESEDENTE DREINERINGSPATRONE



[Aangepas uit Exam Fever Series]

- 7.3.1 Onderskei tussen supergeponeerde- en antersedente dreinering. (2 x 1)
- 7.3.2 Gee EEN rede hoekom supergeponeerde dreinering nie sy loop verander nie. (1 x 2)
- 7.3.3 Noen EEN unieke kenmerk wat geassosieer kan word met die vloeipatrone van supergeponeerde en antersedente dreinering. (1 x 2)
- 7.3.4 Identifiseer die tektoniese kragte wat geassosieer word met die opheffing van die oppervlak soos in FIGUUR 7.3. B. (1 x 2)



#### AKTIWITEIT 7.4

FIGUUR 7.4

RIVIERROOF NABY PUNGWE GORGE

7.4.1 Pas die volgende kenmerke van rivierroof by die letters A, B, C or D:

- (a) Verarmde stroom (1 x 1)
- (b) Windsaal (1 x 1)
- (c) Roofelmboog (1 x 1)
- 7.4.2 Noem EEN kenmerk van 'n verarmde stroom. (1 x 1)
- 7.4.3 Verduidelik hoe rivierroof na verjonging in die Pungwe Rivier lei. (2 x 2)

## SESSIE 5 LANDELIKE- EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

### LANDELIKE NEDERSETTINGS




### WAT JY MOET WEET

## Kern en verspreide patronen



Identifiseer die patronen en redes.


- Watter faktore veroorsaak die tipe of patroon?
- Noem die voordele/nadele van Gekernde- en Verspreide nedersettingspatrone.



## Landelike- en stedelike nedersettings



Onderskei tussen Landelike en stedelike nedersettings



Rond, linieér en kruispadpatrone




ROND	KRUISPAD	LINIER
Rondom sentrale punt	Waar paaie kruis	Langs 'n pad of 'n rivier



### AKTIWITEIT 8.1

FIGUUR 8.1: TIPE LANDELIKE NEDERSETTINGS



[Aangepas uit Themes in Human Geography]

- 8.1.1 Watter bewyse is daar dat punt B 'n droëpunt-nedersetting is? (1 x 1)
- 8.1.2 Noem TWEE sosiale voordele vir mense om in nedersetting B te bly. (2 x 1)
- Verwys na nedersetting C.
- 8.1.3 (a) Identifiseer die nedersettingspatroon by C. (1 x 1)
- (b) Stel 'n rede voor vir die linieêre (lang en smal) vorm van die individuele plase by nedersetting C. (1 x 2)
- (c) Verduidelik hoekom die plase by C moontlik gronderosie sal ervaar. (2 x 2)






## AKTIWITEIT 8.2



FIGUUR 8.2: TIPES LANDELIKE NEDERSETTINGS



[Aangepas uit Fisiese Geografie]

- 8.2.1 Die nedersetting is 'n droëpunt-nedersetting.
- 8.2.2 Die nedersetting kan moontlik oorstroom.
- 8.2.3 Die nedersetting is op 'n hoëliggende gebied geleë.
- 8.2.4 Die nedersetting het 'n verspreide patroon.
- 8.2.5 Die nedersetting is in die vloedlyn geleë.
- 8.2.6 Die nedersetting het 'n liniëêre vorm.
- 8.2.7 Die nedersetting is geskik vir grootskaalse-boerdery.
- 8.2.8 Die nedersetting is kompak. (8 x 1)



### LANDELIKE NEDERSETTINGS KWESSIES



### WAT JY MOET WEET



- *Defnieer landelike-stedelike migrasie.*
- *Bespreek die oorsake van landelike-stedelike migrasie (trek/stoot faktore).*
- *Bespreek die gevolge van landelike-stedelike migrasie.*
- *Wat kan gedoen word om mense te laat bly in landelike gebiede?*





## AKTIWITEIT 9.1

FIGUUR 9.1

### KENMERKE VAN LANDELIKE ONTVOLKING



[Bron: omega7geog.com]

- 9.1.1 Definieer die term landelike ontvolking. (1 x 1)
- 9.1.2 Watter ouderdomsgroep migreer na die stede? (1 x 1)
- 9.1.3 Noem EEN kenmerk van 'n spookdorp.. (1 x 2)
- 9.1.4 Gee TWEE redes hoekom daar stagnering (geen groei) in landelike dorpe voorkom. (2 x 2)

### STEDELIKE NEDERSETTINGS



#### WAT MOET JY WEET

##### Hoe ligging en standplaas die ligging van stedelike nedersettings beïnvloed

'n Kombinasie van fisiese en menslike faktore bepaal waar stedelike nedersettings gevestig word.



Fisiese faktore:

Skoon water, onderliggende strukture en gesteentes, reliëf, dreinering aspek, hulpbronne.



Sosiale faktore:

Vervoerroetes, hawens, verdedigbaarheid, boumateriaal, voedsel beskikbaarheid.

## Tipe stedelike nedersettings

### 1. SENTRALE PLEKKE

Klein dorpe wat stedelike goedere en dienste aan omliggende landelike gebiede voorsien

#### Lae orde goedere / dienste

- Dikwels benodig (brood, melk, dokter)
- Kleiner drempelbevolking
- Verskeie besighede / dienste

#### Hoë orde goedere / dienste

- Benodig nie of minder dikwels (bv. TV, spa)
- Groter drempelbevolking
- Min besighede / dienste

### 2. HANDEL- / VERVOERDORPE OF -STEDE

Ontwikkel waar vervoeroetes ontmoet

#### Vragverbrekingspunte

- Vervoer verander, bv. van see na land.
- Voorbeeld: Durban

#### Kruising

- Kruising van twee hoofvervoeroetes:
- Voorbeeld: De Aar (Touwsrivier)


#### Poort

- Toegang by natuurlike verpering.
- Voorbeeld: Worcester

### 3. GESPESIALISEERDE DORPE OF STEDE

Mynbou Voorbeeld: Welkom	Onderwys Voorbeeld: Stellenbosch	Industrieel Voorbeeld: Secunda	Oord Voorbeeld: Margate	Slaap / pendel Voorbeeld: Soweto
-----------------------------	--	--------------------------------------	-------------------------------	--

Identifiseer die tipe nedersetting by A-F in die onderstaande diagram. Gee 'n rede vir jou antwoord.




### STEDELIKE STRUKTUUR

#### Grondgebruiksones

Grondgebruiksones	Waar?	Kenmerke
-------------------	-------	----------

<b>SSK/SSG</b>		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Mees bereikbaar</li> <li>• Vervoerroetes ontmoet hier</li> </ul> <ul style="list-style-type: none"> <li>• In die stadskern</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoogste grondwaarde</li> <li>• Hoogste gebou digtheid</li> <li>• Hoogste geboue</li> <li>• Konsentrasie van winkels en kantore</li> <li>• Hoë-orde besigheidsfunksie</li> </ul>
Industrieel	(a) Ligte nywerhede	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dikwels naby SSK of residensiele areas</li> <li>• In beplande industriële gebiede</li> <li>• Naby padvervoer</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Min geraas en lugbesoedeling</li> <li>• Geen groot masjienerie</li> </ul>
	(b) Swaar nywerhede	<ul style="list-style-type: none"> <li>• In die buitewyke van die stad en op goedkoop grond</li> <li>• Naby groot paaie en spoornetwerke</li> <li>• Op plat/gelyke grond</li> <li>• Naby water</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Baie geraas- en lugbesoedeling</li> </ul> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gevaarlik</li> </ul>
Residensieel	(a) Middel tot hoë inkomste	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Weg van die SSK geleë</li> <li>• Goeie uitsig</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Groter eiendomme</li> <li>• Goeie dienste</li> <li>• Ontspannings areas</li> </ul>
	(b) Lae inkomste	Nader aan SSK	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Huise nader aan mekaar</li> <li>• Minder geriewe</li> <li>• Swak dienslewering</li> <li>• Kleiner erwe</li> </ul>
	(c) Informele nedersettings	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Op die buitewyke / randgebiede</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Huise gebou van plasiek, hout sink</li> <li>• Onhygiëniese toestande</li> <li>• Geen diensverskaffing</li> <li>• Armoede</li> <li>• Misdaad</li> </ul>
Vervalsone (Oorgangszone)		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Net buite die SSK</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gemengde funksies (residensieel, kommersieel, ligte industriële)</li> <li>• Vervalle geboue</li> <li>• Vernuwing</li> <li>• Waardevolle grond</li> </ul>
Landelike-stedelike oorgangszone (Stedelike randgebied)		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Op die randgebied van die stad</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Stedelike gebied gaan oor in landelike geboed</li> <li>• Beide stedelike- en landelike funksies teenwoordig</li> <li>• Groot gebiede as gevolg van goedkoper grond</li> <li>• Plotte en klein besighede</li> <li>• Lughawens, begraafphasse, kragstasies, gholfbane, rioolwerke</li> </ul>
Groengordel		<ul style="list-style-type: none"> <li>• In en om</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Parke en sportsgronde</li> <li>• Geen geboue</li> <li>• Suiwer die lug in stedelike gebiede</li> <li>• Vir ontspannings doeleindes</li> <li>• Digte behuising</li> </ul>

- Identifiseer die grondgebruiksone
- Waar word dit gevind?
- Beskryf die kenmerke



### Straatpatrone




- Identifiseer die straatpatrone.
- Bespreek die voordele van al 3 straatpatrone.
- Bespreek die nadele van al 3 straatpatrone.

Naam	Rooster / Ruit / Reghoekig	Radial / straal / spinnerak	Beplande onreëlmatige
<b>Kenmerke</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Paaie kruis reghoekig.</li> <li>Ou patroon</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Paaie straal uitwaarts van 'n sentrale punt soos 'n spinnekopweb.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Geen duidelike struktuur</li> <li>Kan beplan of onbeplan wees</li> </ul>
<b>Voordele</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Maklik om te beplan.</li> <li>Grond maklik verdeel</li> <li>Maklik om plekke te kry</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Verkeersvloei beter</li> <li>All paaie lei na 'n sentrale punt</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Verbeter verkeersvloei</li> <li>Minder kruisings</li> <li>Akkommodeer die landskap</li> </ul>
<b>Nadele</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Stadige verkeersvloei</li> <li>Vervelig</li> <li>Ongelukke</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Verkeersknope</li> <li>Stadige verkeersvloei</li> <li>Vermorsing van ruimte</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Moeilik om te beplan</li> <li>Maklik verdwaal</li> <li>Moeilik om uit te brei</li> </ul>

### Stadsprofiel

NB: Die volgende is belangrik wanneer jy die stedelike profiel bestudeer:

- Hoogte van geboue
- Digttheid van geboue
- Grondwaarde



#### Sleutel vrae:



- Wat is 'n stadsprofiel?
- Beskryf hoe geboue verander jy weg van die SSK beweeg
- Hoekom verander die hoogte en digttheid van die profiel?

#### AKTIWITEIT 10.1

10.1	Kies die korrekte term in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die regte letter (A–H) langs die vraagnommer.
------	---

KOLOM A	KOLOM B
10.1.1 'n Landelike nedersetting wat goedere en dienste aan die omliggende gemeenskap voorsien.	A Lae-orde dienste
10.1.2 'n Klein nedersetting met min funksies, byvoorbeeld 'n landelike dorp.	B Invloedsfeer
10.1.3 Die minimum getal mense wat 'n winkel op 'n gereelde basis moet besoek om 'n wins te maak.	C Hoë-orde sentruk
10.1.4 Die area vanwaar 'n besigheid sy kliënte trek. (ook bekend as markarea).	D Reikswydte
10.1.5 Die maksimum afstand wat verbruikers gewillig is om te reis om produkte te koop.	E Drempelbevolking
10.1.6 Dienste of goedere wat daagliks benodig of op gereelde basis gebruik word.	F Lae-orde sentrum
10.1.7 'n Groot nedersetting met baie funksies, byvoorbeeld 'n stad	G Sentrale plek
	H Hoë-orde dienste

#### AKTIWITEIT 10.2

- 10.2 Kies die korrekte term in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die regte letter (A–H) langs die vraagnommer.

KOLOM A	KOLOM B
10.2.1 'n Stelsel wat landelike gebiede rangskik volgens hul grootte en funksie.	A Stedelike vorm
10.2.2 Beweging van mense van landelike na stedelike gebiede.	B stadskruip
10.2.3 Sy-aansig van 'n stad.	C Landelike-stedelike oorgang
10.2.4 Vormlose uitbreiding van landelike gebiede in die omliggende stedelike gebiede.	D Stedelike hiërargie
10.2.5 Die veroudering, verval en agteruitgang van geboue in die middestad.	E Stadsprofiel
10.2.6 Die buitevorm van 'n stedelike gebied.	F teen verstedeliking
10.2.7 Die sone aan die randgebied van stede wat beide landelike en stedelike funksies het.	G stedelike verval
	H landelike-stedelike migrasie

(7 x 1) (7)

### STEDELIKE NEDERSETTINGS KWESSIES/PROBLEME



#### WAT JY MOET WEET



- Noem die oorsake van elke kwessie.
- Wat is die gevolge van elke kwessie?
- Hoe kan die kwessie beheer en bestuur word?

	VERKEERSOEPENHOPING	STEDELIKE Verval	SENTRALISASIE
OORSAKE	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Te veel mense gebruik hul eie motors</li> <li>• Nie genoeg openbare vervoer</li> <li>• Ou straatpatrone</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Oorbevolking in die stede</li> <li>• Leë geboue</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoë aanvraag na eiendom</li> <li>• Te veel stadsbewoners</li> </ul>


<b>IMPAK</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lugbesoedeling</li> <li>• Meer ongelukke</li> <li>• Stres, gesondheidsprobleme,</li> <li>• padwoede</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Krotbuurt toestande</li> <li>• Afname in dienste</li> <li>• Toename in besoedeling</li> <li>• Area vervuil</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toename in besoedeling</li> <li>• Gesondheidsprobleme</li> <li>• Vernietiging van omgewing</li> <li>• Produksie van te veel afval</li> </ul>
<b>OPLOSSINGS</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbeter openbare vervoer</li> <li>• Saamry geleenthede</li> <li>• Desentralisasie van besighede</li> <li>• Sinchroniseer verkeersligte</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Opknapping</li> <li>• Opheffingsprogramme</li> <li>• Verminder behuisingsdigtheid</li> <li>• Verbeter dienste</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Desentralisasie van funksies</li> <li>• Groengordels</li> <li>• Stenger bestuur en monitor oor besoedeling</li> </ul>



AKTIWITEIT 11.1

FIGUUR 11.1

VERKEERSOPEENHOPING



[Bron: [www.chron.com/the.guardian.com](http://www.chron.com/the.guardian.com)]

- 11.1.1 Definieer die term verkeersopeenhoping., (1 x 1)
- 11.1.2 Noem EEN negatiewe impak wat verkeersopeenhopings op die omgewing het. (1 x 1)
- 11.1.3 Wat is die tendens wat deur FIGUUR 11.1 gewys word ten opsigte van die tyd wat pendelaars op die pad deurbring vanaf 1982 tot 2010? (1 x 2)
- 11.1.4 Gee 'n moontlike rede vir jou antwoord in VRAAG 11.1.3. (1 x 2)
- 11.1.5 Beskryf TWEE negatiewe gevolge wat die vertraging op pendelaars kan hê. (2 x 2)
- 11.1.6 Stel TWEE manier voor hoe verkeersopeenhopings in stede verminder kan word. (2 x 2)

## SESSIE 6

# EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID AFRIKA

### EKONOMIESE SEKTOR



#### WAT MOET JY WEET

**Sleutelvrae:** Defnieer primêre, sekondêre en tersiêre aktiwiteite.



AKTIWITEIT 12.1

### EKONOMIESE SEKTOR

- 12.1 Verskeie opsies word gegee om die volgende vrae te beantwoord. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter neer (A–D).

	12.1.1	Mynbou is 'n ontginnende aktiwiteit en 'n voorbeeld van die ... ekonomiese sektor.		
--	--------	--	--	--

	A	primêre		
	B	sekondêre		
	C	tersiêre		
	D	kwaternêr		

	12.1.2	Watter EEN van die volgende is 'n kenmerk van die tersiêre sektor?		
--	--------	--	--	--

	A	Bosbou		
	B	Vervaardiging		
	C	Navorsing		
	D	Vervoer		

	12.1.3	Die oorsese mark waar produkte buite Suid Afrika verkoop word, staan bekend as die .....mark.		
--	--------	---	--	--

	A	tuis		
